Vir Die Burger,
10/8/73.

191. A 1 (35)

# LANGENHOVEN EN STELLENBOSCH

Deur Prof. H.B. Thom,

Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad en

voorheen Rektor van die Universiteit van Stellenbosch.

"Stroom-op en 'n ketter" - dit was Langenhoven se eie woorde oor homself. En hy kon stroom-op wees en dikwels 'n ketter, vir sommige altans. Maar so is dit meermale met ~~die~~ 'n briljante, begenadigde gees. Net jammer dat daar mense is wat agter die stroomop-gees en die kettery die genie nie kan raaksien nie.

Stellenbosch het Langenhoven geken, en Langenhoven het Stellenbosch geken; en hulle het mekaar gewaardeer. Die oënskynlike teensprake in die gees van Langenhoven was vir Stellenbosch heerlike teensprake; en Langenhoven het Stellenbosch liefgekry ondanks die aanwesigheid op Stellenbosch van dinge en mense wat hy ten ene male nie verdra het nie. Dit was 'n vreemde verbintenis, uitsonderlik en merkwaardig.

Na sy skoolloopbaan op Ladismith en Riversdal gaan studeer hy op Stellenbosch. Hy het niks wat wonders gepresteer nie: die Intermediêre B.A.-eksamen kom hy naelskraap deur, en later verwys hy na „my onvrugbare studiejare" wat hy toeskryf aan sy „tugtelose gewoonte om te leer soos ek lekker kry en nie verder nie". Maar wat hy op Stellenbosch van wysgerige vakke en van Latyn en Grieks geleer het, grotendeels buite sy eintlike

2/.....

studiekursusse om, het vir hom van groot waarde geword.

As student het hy aktief deelgeneem aan sekere studentesake, veral die werk van die Unie-Debatsvereniging, waar hy in 1893 in 'n joernaal verklaar het - op Engels soos dit destyds gebruiklik was: „For intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature and a very poor vocabulary". En tog sou hy later groot bouer en pleitbesorger word van „Africander Dutch" (Afrikaans), wat, soos hy met verloop van tyd besef het, juis vir die intellektuele ontwikkeling van die Afrikaner 'n noodsaaklike vereiste ~~was~~ is.

Inmiddels het die studentelewe 'n vormende invloed laat geld, met die gevolg dat die skerpe gees van die soekende jong mens al skerper, deurdringender geword het. Ook sy ingebore sin vir humor het fyner en fyner ontwikkel, en later het dit ook Stellenbosch betrek, soos onder andere blyk uit die limeriek oor <u>Die veelbelowende Jongeling</u>:

Daar was eenmaal 'n jong Stellenboster,  
Sy pa't hom laat leer vir 'n koster;  
    Maar hy't sy studie gestaak  
    Vir ydele vermaak,  
En 'n diploma gekry vir 'n droster.

Dit is welbekend dat Langenhoven vir universiteitsprofessore en ander geleerde mense geen trek gehad het nie. Hulle was vir hom „akademiese Fariseërs" en „Filistyne". Hy het selfs nog minder gehou van koerantskrywers, resensente en bloemlesers, wat hy aangemerk het as „geestelike parasiete" en „lympot-eksperte". Maar nou het Stellenbosch juis gewemel van hierdie soort mense, en dit kan dus die vermoede wek dat Langenhoven nie van Stellenbosch sou gehou het nie. Presies die teendeel is egter waar: hy het dorp en universiteit en omgewing

hartstogtelik liefgehad, insluitende akademiese Fariseërs en Filistyne. Ofskoon hy altyd reggestaan het om op te trek teen doktore en ander geleerde mense, was Stellenbosch vir hom 'n uitsondering.

In sy veel-gelese rubriek *Aan Stille Waters* in *Die Burger* het hy een dag vir die geleerdes 'n gevoelige steek gehad. Hy stap 'n drukke Adderleystraat af - so vertel hy - toe hy 'n entjie voor hom 'n ou vriend opmerk wat ondertussen in Europa gestudeer en 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte verwerf het. Aangesien hy sy vriend se aandag wou trek en tegelyk respek wou betoon, roep hy uit: „Goeiedag, Doktor!" - waarop die helfte van die mense omkyk.

Toe gebeur dit, in 1931, dat die Universiteit van Stellenbosch sy vyftigjarige jubileumfees vier en onder andere besluit om aan Langenhoven 'n doktorsgraad, *honoris causa*, toe te ken. Die vraag was: Sou hy die eer aanvaar? Sou hy bereid wees om self doktor te word? Daar was baie wat getwyfel het. Hy sou tog nie die graad aanvaar nie, veral nie nadat hy self so vermaaklik met die doktore die draak gesteek het nie. Maar Langenhoven het dit aanvaar, en bowendien met opregte dankbaarheid en groot vreugde.

'n Bietjie later stap ek en 'n paar vriende in Van Riebeeckstraat op Stellenbosch en ons ontmoet Langenhoven wat van die teenoorgestelde kant kom. Ons het ons kans gesien en ek groet hom: „Goeie middag, Doktor!"- met oordrewe klem op die „Doktor". Maar hy was paraat met 'n antwoord, 'n antwoord wat ons dadelik stilgemaak het: „Doktor, ja" - roep hy uit - „maar luister my jonge vriende, net Doktor van Stellenbosch, hoor!"

Onder dosente en studente van Stellenbosch het hy tal van vriende en bewonderaars gehad. Een van sy beste vriende was wyle prof. E.C. Pienaar, besielende letterkunde-professor en hoogstaande kultuurmens, wat vir ons as studente dikwels na werke van Langenhoven verwys het en met verbysterende

gemak uit Langenhoven kon aanhaal. Die twee het saam hard gewerk aan 'n nuttige boek, Hoe om te Skrywe, waaruit menige jong Afrikaner daadwerklike hulp gekry het om sy moedertaal na behore te gebruik. Prof. Pienaar het later vertel hoe dit met hierdie plan van samewerking, wat aanvanklik so totaal onuitvoerbaar voorgekom het, gegaan het. Pienaar het gekla dat hy nie so vinnig kan werk soos Langenhoven nie, maar laasgenoemde het gerusstellend aan hom geskryf: „Nee, Professor, ek sal jou glad nie haastig maak nie; neem jou eie tyd (of is dit alweer 'n anglisisme?); ek weet baie goed dat jy 'n werker is en nie 'n dilettante-oom soos ek wat kan werk soos hy lekker kry nie."

Hoe dit sy, elkeen het sy deel van die werk met ywer aangepak en die werk is voltooi. Elkeen het verklaar dat hy veel geleer het; Langenhoven het Pienaar 'n eksemplaar van die boek aangebied, met 'n byskrif voor-in: „Met toegeneëntheid wat die strenge toets van medewerking weerstaan het."

Langenhoven het hom tot die studente sterk aangetrokke gevoel, en hulle het in hom 'n geesdriftige, getroue vriend gehad. Vir hulle was hy - om sy eie woorde te gebruik - „Ouboet" of „Neels óu-Matriek", dus ouer as hulle, maar één met hulle en een van hulle.

Wanneer hy voor studente-gehore opgetree het, wat meermale gebeur het, was die saal gepak tot die laaste sitplek toe en dikwels tot die laaste vensterbank toe. En hoe het hy ons nie geboei nie, met sy onverwagte sinswendinge en gevatte woordgebruike, en bowenal sy tintelende oorspronklikheid. Soms was hy kinderlik gevoelvol, dan verbluffend realisties en dan weer aangrypend heroïes, maar altyd saaklik, op die punt af, nie 'n woord te veel, nie 'n woord te min nie.

Hy was Langenhoven, en niemand was soos hy nie. By geleentheid het die voorsitter van die Unie-Debatsvereniging, sy ou vereniging, hom aan die

woord gestel, en hy begin sy toespraak met die nadruklike, eenvoudige vraag: „Wat is daar om die draai?" Hy bly doodstil, en kyk stip na die deur. Almal is gaande en kyk om. Dit was egter 'n verwysing na die toekoms, maar nou kon hy praat, want hy het die aandag gehad, van almal, en hy het dit gehou, enduit, tot by die oorweldigende applous.

Op 14 April 1932 het hy die laaste maal voor sy „jonge vriende" opgetree. Dit was 'n vergadering wat Polumnia, studentevereniging van die Kweekskool, gereël het. Hy het oor die letterkundige skoonheid van die Bybel gepraat en in eenvoudige bewoording dié aand sy gehoor geboei met 'n siening wat vir baie heeltemal nuut was. 'n Paar weke later ontvang die bestuur die teks van die lesing, saam met uitknipsels uit <u>Die Huisgenoot</u>, waarin Langenhoven dit laat verskyn het, keurig gebind in leer, „Met vriendelike groete aan Polumnia. C.J. Langenhoven".

Die bestuur was so verstandig om hierdie kosbare kleinood in die Kweekskoolbiblioteek in bewaring te gee, waar dit vandag nog in 'n kluis bewaar word.

Langenhoven se betrekking met die Stellenbosse studente was nie bloot 'n betrekking van begrip en waardering nie; dit was 'n betrekking van liefde, en hy het hulle die kompliment gemaak dat hulle vir hom ware besieling gebring het. Teen hierdie agtergrond sal dit verstaanbaar wees dat ons, ofskoon ons soms universiteitslesings „gebunk" het, Langenhoven nooit „gebunk" het nie. Die studente het 'n groot bydrae gelewer om vir hom die atmosfeer te skep waaraan hy behoefte gehad het, die gevoel dat hy lewende verband het, dat hy innig betrokke is en dat hy bou aan sy mense, veral aan hulle toekoms.

Hy was nie suinig om sy erkentelikheid teenoor Stellenbosch te toon nie. Hy het dikwels met dankbaarheid en waardering na sy Alma Mater verwys,

6/.....

en hy het hom eenkeer die gevoelsware woorde laat ontval: „Dis 'n groot ding om te kan sê die Universiteit van Stellenbosch is myne. Dis 'n groter ding om hom nie net te neem soos ek hom ontvang het nie maar om hom meer myne te maak met liefdebewyse van my kant af." Hy het sy liefde vir Stellenbosch ook op tasbare wyse getoon toe hy die inkomste uit die verkoop van Sonde met die Bure aan die Universiteit geskenk het.

Gesien hierdie noue betrekking, is daar iets wat 'n mens vandag met groot weemoed vervul en waarvan, soos ek agtergekom het, min mense weet. In die loop van 1931 het die plan ontstaan dat Langenhoven die stigting en groei van die Universiteit van Stellenbosch sou beskryf, nie 'n geskiedenis in die gewone sin van die woord nie, nie hoofsaaklik gebeurtenisse en datums met gepaardgaande verklarings nie, maar 'n lewende verloop, 'n soort van vie romancée, soos van 'n persoon, met groot aksente waar dit hoort en 'n blootlegging van die worstelstryd en kulturele oorwinning van die Afrikanervolk soos dit geïllustreer word in die lotgevalle van die Universiteit van Stellenbosch. Langenhoven het 'n grootse werk in gedagte gehad, grotendeels heroïes en simbolies van aard, en didakties, besielend veral vir sy „jonge vriende" en „hulle wat nog die spore gaan trap".

Na 'n studietyd in Duitsland en Frankryk, was ek destyds pas aangestel as jong dosent op Stellenbosch en my gevierde promotor en ou leermeester, wyle prof. W. Blommaert, wat toe voorsitter van die Senaat was, het my oor hierdie plan ingelig. Begryplikerwyse was ek ten seerste geïnteresseerd, veral toe hy my vertel dat hy die saak ook reeds genoem het vir twee van sy vriende, wat terseldertyd vriende en gewaardeerde oud-professore van my was, nl. prof. E.C. Pienaar en prof. J.L.M. Franken, en dat ek ook maar met hulle kon praat. Daar was vervolgens wel sporadiese samesprekings, maar tot sistematiese voorbereiding het dit ewewel nie gekom nie, vermoedelik

omdat Langenhoven baie ander dringende werk op hande gehad het - en hy toe ook juis hard besig was om met Pienaar te werk aan Hoe om te Skrywe.

So het daar van hierdie mooi voorneme niks gekom nie. Reeds by die gradedagplegtigheid op 24 Junie 1931 het Langenhoven in 'n gesprek aan prof. Pienaar verklaar, soos laasgenoemde later in Die Huisgenoot geskryf het, dat hy „voel dat sy tydjie kort word". 'n Jaar later is hy dood. Watter treffende produk kon Langenhoven nie met so 'n werk oor Stellenbosch gelewer het nie? Wat kon dit nie vir die nageslag beteken het nie? Dis menslik om te wonder; dit help nie om te spekuleer nie.

Onvermoeide werker, skerp, deurdringende gees, skrywer van meer as veertig boeke - die oorgrote meerderheid in Afrikaans, maar 'n paar ook in Engels - staan Langenhoven die eerste en voorste in die ry van merkwaardige manne wat die Afrikaner geleer het om te lees, wat die Afrikaner geleer het om homself te ken en om, indien nodig, vir homself te lag.

Dit was die werk van hierdie man wat nou al veertig jaar dood is maar nog steeds in ons midde leef en sy aktualiteit tot vandag toe behou het.

Vir Stellenbosch is dit 'n bron van dankbaarheid en vreugde om te weet dat hy aandeelhouer was en is en bly aan die lewe en arbeid van hierdie groot Afrikaner; en as die Langenhoven-Saal en -Studentesentrum, wat tans in aanbou is, voltooi staan, sal Stellenbosch op tasbare wyse 'n ereskuld betaal aan een van sy grootstes, sy „jonge vriende" se „Ouboet", hulle „Neels óu-Matriek".

H. B. Th.